

Woensdag 22 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:14-20

Die parskuip beeld die lot van die ongelowiges uit

Die oordeel van die Here is in hoofstuk 14 reeds twee keer duidelik aangekondig. Vers 7: *Vrees God en gee Hom heerlijkheid, want die uur van sy oordeel het gekom.* Vers 10: *... sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel ...*

Nou is die oordeel hier. Elke faset daarvan word uitgestippel. Die mense word in twee groepe verdeel en elke groep word in sy regte bestemming besorg. Die twee groepe het nie weer omgang en kontak met mekaar soos wat hulle hier op die aarde geken het nie.

Die graanoes en die wynoes word die meeste van die kere gebruik as simbole van God se genade. Kyk hiervoor na die volgende: Deuteronomium 7:13: *... en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig, en Hy sal die vrug van jou liggaam seën en die vrugte van jou land, jou koring en jou mos en jou olie, die aandeel van jou beeste en die aandeel van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.*

Daar is ook gedeeltes waar die beelde as oordeelsbeelde gebruik word: Joël 3:13: *Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom trap, want die parskuip is vol, die kuipe loop oor! Want hulle boosheid is groot.*

Sing: Skrifberyming 7-1:3

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)